




Ken Jou SKOOL



C en N Sekondêre Meisieskool Oranje



Oranje se begin

Oudpres. MT Steyn (hoofstigterslid) het geglo onderwys was die doeltreffendste wyse om Afrikaners op geestelike, kulturele en ekonomiese gebied ná die Anglo-Boereoorlog op te hef. Daarom is Oranje gestig.

Op 11 April 1907 het die 1ste klasse begin met 35 leerders (sommige weeskinders uit die konsentrasiekampe) en sewe onderwysers. Daar was drie vakke – Godsdiens, Bybelse Geskiedenis en Kaapse Geskiedenis.



Pionier

Oudpres. MT Steyn (hoofstigterslid) se 2de oudste dogter, Gladys, was Oranje se 1ste matrikulant, 1ste hoofdogter en 8 jaar later Oranje se jongste skoolhoof op 25-jarige ouderdom. Gladys het ná drie jaar as hoof regte gaan studeer. In 1922 het sy Suid-Afrika se 1ste vroulike advokaat geword.

Oranje se naam

Oranje is genoem na die Koningshuis van die Nederlande (wat aan die hoof van Nederland staan), naamlik die Huis van Oranje. Dis uit erkentlikheid teenoor die Nederlandse koningin Wilhelmina vir haar geldelike steun aan die skool.



Visie en Missie

Visie: OMS is 'n dinamiese, Christelike, Afrikaanse meisieskool, gekoester in tradisie, met dogters wat uitblink in kreatiwiteit, selfstandigheid en vroulikheid.

Missie: Die missie van OMS is om dogters in 'n stabiele omgewing die geleentheid te bied om op 'n gebalanseerde wyse hulle volle potensiaal te ontwikkel.



Skoolwapen en leuse

Die skoolwapen is die Steyn-familiewapen. Die drie eende daarin het gladde stertvere omdat hulle wyfies is. 'n Eend kan agtertoe swem, maar kan nooit agteruit stap nie. Vandaar die leuse "Vooruit".

- Oranje-leerders is in die volksmond as "Eende" bekend.



Slagspreuke by Oranje



Sy is 'n vriendin, 'n heldin,
'n suster en 'n skool.

*Ons is eenders,
maar anders.*

Oranjeland

Oranjeniete

Oranje-eende

Pampoenrokkinders

Erekode

Ons is leerders van 'n Christelike en Nasionale Afrikaanse skool.

Ons hou die tradisies van ons volk in ere.


Ons is te alle tye lojaal aan ons skool en ons maats.

Ons is oral en altyd beleef teenoor almal.

Ons woord is ons eer en ons strewe daarna om eerlik te wees in ons werk en wandel.

Ons doel is om wysheid en kennis te bekom, sodat ons ons God en ons medemens op die beste wyse kan dien.

Ons leuse is VOORUIT.



Perde by OMS

Oranje het in die 1920's twee perde gehuisves. Teen ses pennies kon die leerders vir 'n uur lank gaan ry en vir 'n trippens kon hulle na die hospitaal ry.

Skoollied

"Driewerf gegroet" is deur die 1ste skoolhoof, me. Elizabeth le Roux, se suster, Hanna le Roux, in Engels geskryf. Ds. W. Boshoff het dit in Nederlands vertaal.

- Dis die 1ste keer op 2 Augustus 1907 om 11:00 tydens die amptelike opening van die skool gesing.



*Driewerf gegroet onze hulde Oranje!
Hier word gekweekt zo't verstand als de ziel
Hier zijn wij samen om kennis te garen
Ach of op ons ook haar lichtstraal eens viel
O Alma Mater wij dienen u williglik
U leven wij, u geven wij
Ons liefd' en kracht met heel ons hart*

Geloof

Dit was oudpres. MT Steyn (hoofstigterslid) se begeerte dat Die Bybel 'n ereplek in die skool moet hê. By die amptelike opening het hy gesê:

"Jee die vrou godsdiens, eerbied en geloof in die goeie, die edele en die heilige, en sy staan so vas soos 'n rots. Sy sal, as die geleentheid hom voordoen, 'n heldin word."

Ons amptelike naam is Christelik en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje. Geloof is deel van wie ons is. Die gebruik by Oranje is dat leerders almal hande vat in gebed.



Swembad

Die A. E. Rossouw-swembad (genoem na Oranje Primêr se 1ste hoof) is in 1954 voltooi. In 2021 is dit na 25 m verkort. Dieselfde seremonie van 1954 se opening is toe herhaal. In 2024 is nuwe pavieloene gebou.

- Die 1ste swembad was in 'n stadium 'n eendedam tot 'n groep kwajongens die eende een aand tydens 'n konsert op die verhoog gelos het. Dit was die einde van die eendedam. Die laerskool is later oor die dam gebou.



Interskole

Oranje het Affies die 1ste keer in 1986 besoek. Die Bloemhof-interskole het in 1997 begin, Collegiate in 2010, Pearson in 2023 en Paarl Girls' High in 2024. Oranje het destyds per trein na Stellenbosch gereis.



Die ou 1c-munt en Bybelvers voor die Rachel Steynsaal was in opdrag van me. Joan Abrahams, oftewel Juffrou Abie, opgerig. Sy was lank by hokkie, swem, duik en gimnastiek betrokke. Sy het tydens die Grensoorlog 'n eensent saam met briefies (wat leerders geskryf het) as bemoediging vir die vertrekkende soldate gestuur.

Die munt met die twee mossies daarop versinnebeeld Mattheus 10: 29-31. Met dié gebaar wou sy die soldate herinner elkeen van hulle is kosbaar in die oë van die Here, en baie meer werd as mossies.



Mossietuin

Onbekende Oranje

Hierdie beeld, onthul in 2017, simboliseer daardie dogter wat nie 'n uitblinker is nie, maar wat deelneem, wat nie 'n slimkop is nie, maar elke dag haar werk doen en potensiaal uitleef, wat op die agtergrond is, maar ander die flinkste aanmoedig. Dis die dogter wat daar is wanneer hulp nodig is, die een wat dien sonder dat die kollig op haar skyn. Sy is die Oranjeniet sonder wie die skool nie kan bestaan nie.

Die Onbekende Oranje stap vooruit, maar haar hand reik aanmoedigend na agter. Die kleintjies agter kwaak: "Ons is op pad. Ons gaan ook daar kom."

- Anja Strydom (gr. 12) wat met die Onbekende Oranje geïdentifiseer het, het in 2019 'n gedig geskryf. Die woorde is rondom die beeld opgerig:

Ek presteer nie in sport nie, maar ek neem deel.

*My punte is nie uitstekend nie,
maar ek doen my bes.*

*My vriendekring is klein,
maar hulle is soos sussies vir my.*

*Soms raak ek moedeloos, maar dan vind
ek weer moed by die ystervroue rondom my.*

*Ek skree my stem hees vir my skool -
wen of verloor, bly Oranje bo.*

My respek vir ander is oorweldigend!

Ek is deur legendes so geleer.

Ek help waar ek kan sonder om gevra te word.

Ek is uniek en nie baie ken my naam.

*As ek kyk na die lug, so helder hemelblou,
weet ek dat môre nog 'n dag is dat ek die
onbekende Oranje is!*



Ek presteer nie in sport nie, maar ek neem deel. My punte is nie uitstekend nie.

Boonste sportterrein

Die Gousstadion en sportveld is in 1976 in gebruik geneem. Daar was eers 'n atletiekbaan. In 2007 realiseer die langverwagte droom van 'n astro, bekend as Juf. Abie-astro. Juf. Abie (me. Joan Abrahams) het reusewerk met Oranje se hokkie verrig. Die mini-astrobaan is in 2017 gebou. In 2023 verrys die sportsentrum. Gousstadion se paviljoen word terselfdertyd vergroot ook met nuwe sitplekke aan die agterkant vir die hoofnetbalbaan.



Skoolbus



Die skoolbus, Oranje se eie Mercedes, is in 1976 aangekoop. Leerders moes elke Vrydag 20c skool toe bring vir die busfonds. Die bus is in 2000 nuutgemaak toe die banke oorgetrek is en die verfwerk binne en buite opgeknip word. Die buslods was tot 1993 waar Oranje Preprimêr vandag is. Hy het tans nie meer 'n spesifieke slaapplek nie.



Die matrieks het sedert 1914 vir baie jare piekniek op Onze Rust, die Steyn-fameliëplaas, gehou waar van hulle afskeid geneem is. Daar is per trein na 'n stasie naby die plaas gery. Van daar het hulle plaas toe gestap. Deesdae gaan die gr. 8's daarheen vir 'n toer deur die woonhuis van oudpres. MT Steyn (hoofstigterslid). Hulle swem ook in die sementdam wat in 1912 gebou is.

Onze Rust besoek



Klasse in buitelug

Vanaf 1916 was daar so 'n ernstige tekort aan klaskamers dat sommige klasse sommer in die buitelug plaasgevind het. Ruimte in die koshuis was ook 'n probleem – die studiesaal was naderhand te vol, daar kon nie meer tydens huisgodsdienste gekniel word nie. In 1918 moes leerders op die balkon van Le Rouxhuis slaap omdat daar te min slaapkamers was.

Afrikaans

Onderrig is aanvanklik in Engels en Nederlands gedoen. Vanaf 1918 is Afrikaans geleidelik ingevoer. Teen 1928 was die voertaal in Oranje, Afrikaans.

- Daar was in 'n stadium 'n reël dat daar op Donderdae buite die klaskamers net Engels gepraat moes word. Dan was die skool muisstil.



Skoolsaal

Die ML Spiessaal is in 1968 in gebruik geneem. Me. ML Spies is 'n voormalige skoolhoof (1961-1982) en was vir 42 jaar by Oranje werkzaam. Sy het 106 jaar oud geword. 'n Skoolsaal waarin die hele skool kon pas, was haar droom. Die bestaande Groenewaldsaal was te klein.



M2-brug

Die brug na die dramalokaal is genoem na me. Mariehetta Matthee (M2). Sy was 25 jaar lank die hoof (1993-2017) – die langste ooit. Sy was lief vir toneelspel.

Rachel Steynsaal



Die skoolsaal se sypaal is in 1995 as die Rachel Steynsaal omskep. Die houtpaneel van die Groenewaldsaal (1911-1977) is weer geïnstalleer.

- Rachel was oudpres. MT Steyn se vrou en het ook 'n leidende rol in OMS se vormingsjare en daarna gespeel. Sy was bekend as die "Ouma van Oranje".

Inspirasie in die gange

Lig jou ken en ken jou Lig

Magé Troskie

Magé Troskie (hoofmeisie in 2021) het daardie jaar 'n sosiale media sensasie geword. Dít ná haar boodskap aan die gr. 8's op die Nuwelingsfunksie waar sy die frase "Lig jou ken en ken jou Lig" gebruik het. Daardie frase is sedertdien etlike kere oor die land heen gebruik en het ook op 'n muur in een van Oranje se gange beland.



Straatname

Daar is 10 straatname in die gange, naamlik Joubertstraat, Fischerstraat, Wesselsstraat, Murraystraat, Boshoffstraat, Ottostraat, Bamstraat, Steynstraat, Postmastraat en Brebnerstraat. Hulle is genoem na die skool se stigterslede (mnr. Hennie Otto was die tesourier van die skool).

- Die straatname het waarskynlik iewers in die 1990's hul verskyning gemaak.



Gimsaal

Die gimnastieksaal (Van Riebeecksaal) is in 1952 gebou. Dit was die 300ste herdenkingsjaar van Jan van Riebeeck se koms na Suid-Afrika. Daarom die naam. Deesdae praat almal net van die gimsaal.



Prinsipaalswoning

Die skoolhoof woon sedert 1942 in die prinsipaalswoning op die terrein (oorkant die musiekblok). Dis deur die bekende argitek Gerard Moerdijk (bekend vir die Voortrekkermonument) ontwerp.



Le Rouxhuis

Dis in 1899 gebou. Dit is tydens die Anglo-Boereoorlog as 'n hospitaal gebruik. Dit het eers aan St. Andrewskool (Saints) behoort. Dit was aanvanklik Oranje se skoolgebou én koshuis. Dis in 1960 na Oranje se 1ste hoofme, Elizabeth le Roux, hernoem. In 1974 is dit tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Vanaf 1989 woon Oranje Primêr se kosgangers saam met die gr. 8's hier.



- Me. F. Murray, een van die eerste sewe personeellede, is in 1907 aan maagkoors dood. Sy is glo die bekende spook "Felicity" wat in Le Rouxhuis rondswerf. Sy kom kyk of die dogters hul huiswerk doen.



Joostehuis

Die CM Jooste-koshuis vir gr. 9-12-leerders is na die gewese skoolhoofme. CM Jooste (1941-1961) genoem. Die koshuis was een van haar groot drome. Die eerste kosgangers het in Januarie 1960 hul intrek geneem.

Die koshuis is per voertuig bereik danksy 'n breë, geteerde pad vanaf Oranje Primêr se ingang in Aliwalstraat. Die uitgang was in Harry Smithstraat.

Sjerrietuin



Dié tuin langs die ML Spiessaal is 'n ontspanningsplek wat skadu en groenigheid aan moeë leerders bied. Die tuin se naam kom uit die tyd toe die matriekafskied nog by Oranje gehou is en die matrieks se ouers en personeel daar 'n sjerrie geniet het.



Beeldetuin

Die kindermemorial is in 2005 op die terrein ingewy. Drie van die historiese panele beeld die geloofswaard uit. Die oorblywende vyf panele beeld voorvalle uit die verlede uit waar kinders helde was.

Die beeldgroep is van 'n seun en dogter wat 'n vlag hys met 'n voetstuk van 'n oopgeslane Bybel met die woorde "Laat my lammers wei" (Johannes 21:15) – die jeug soek hul sterkte in die Woord. Albei staan met hulle dominante regtervoet voor (Vooruit – Oranje se leuse).



Ossewa

Die ossewa op die terrein was deel van die Simboliese Ossewatrek van 1938 ter herdenking aan die Groot Trek van 100 jaar tevore. Die eer het ook twee oud-Oranjes te beurt geval om die avontuurlike tog van sowat 30 dae saam met die ossewa, genoem "Vrou en Moeder" mee te maak.

Ná die volksfees is dié ossewa aan Oranje geskenk. Dis tydens skoolverjaardae en konserte gebruik en soms ook as vervoermiddel om gaste na die Vrouemonument te vervoer (met 'n trekker getrek).



Sportsoorte

Basketbal was met die begin van die skool die enigste sportsoort. Teen 1915 het hokkie en tennis bygekom. Teen 1920 was krieket daar en in die middel 1920's was die vier sportsoorte tennis, hokkie, korfbal (wat later netbal geword het) en krieket.



Hokkieprestasie

Oranje se o.18A-hokkiespan was 2013-2022 jaarliks 1ste op die SA-ranglys. Hulle het in 400 wedstryde net tien keer verloor en was in 127 wedstryde (2015-2017) onoorwonne.



3x nr. 1

Oranje het in 2022 geskiedenis gemaak deurdat drie o.18A-spanne (hokkie, tennis en netbal) almal in dieselfde jaar die nasionale kampioen was.

Die Eend

Oranje het sedert 2015 'n gelukbringer, hoofondersteuner en simboliek van géés, bekend as Die Eend. Sy is 'n instelling langs die rasielers of by geesvanggeleenthede. Die identiteit van die leerder in die kostuum is altyd 'n geheim sodat Die Eend 'n simbool van Oranje se gees is, eerder as dié van 'n individu.

- Die Eend het in 2025 'n nuwe uitrusting gekry.





Sporthuise

Oranje het vier sporthuise (Boshoff, Brebner, Fischer en Otto) waarvoor leerders in die interhuisatletiek- en gala deelneem. Punte word vir sport en gees toegeken en die wenhuis ontvang die vaandel. Die sporthuise is "familiehuise" – jy beland in dieselfde huis as jou ouma, ma of ouer suster indien hulle op Oranje was. Die skool se vier rasielers word uit die agt huisleidsters gekies.

- Die sporthuise dra die vanne van die skool se stigterslede: sen. WJC (Jack) Brebner, mnr. Abraham Fischer en ds. P.J.J. Boshoff. Mnr. Hennie Otto was die skool se tesourier.

Matriekafskeid


In 2008 is meisies vir die 1ste keer sedert 1970 toegelaat om 'n seun as metgesel te nooi. Tussen 1971 en 2007 is slegs hul ouers saam matriekafskeid toe. Voor 1971 is meisies saam met seuns matriekafskeid toe, sonder hul ouers. Van 2008 tot 2019 was gr. 12's se metgeselle en hul ouers deel van die aand. Sedert 2021 woon ouers net die voorafverrigtinge van die aand by.

- Dans op die matriekafskeid was destyds by Oranje verbode. Dis tot 1989 as "sonde" beskou.



Matriektrap

Die kleurrike loodglasvenster by die matriektrap, 'n ikoniese kenmerk en simbool van matriekvoorreg (slegs gr. 12's mag hier loop) en die pad na die toekoms, is van oorsee ingevoer. Die loodglasvenster is in 2004 in die lewe geroep.





Plankie

Gr. 8's by Oranje is as plankies bekend. Voorheen was dit sotte. Die onderwysdepartement het destyds besluit sotte is "on-Bybels". Toe stel die VRL "plankie" voor.

- 'n Plankie moet besluit of sy 'n tamatiekas of 'n mooi meubelstuk wil word.



Plankiema

Elke gr. 8-leerder kry 'n plankiema, 'n gr. 12-voog wat die hele jaar mooi na haar plankie omsien, haar ondersteun en deur al die onbekendes lei. 'n Hegte band word dikwels tussen hulle gevorm.



Teer-en-Veer

'n Prettige insouting vir gr. 8's is die simboliese Teer-en-Veer waar nuwelinge deur molasses met vere rol en sodoende hul "vere kry" en volwaardige Oranje-eende word. Voor dit was dit die sottepap wat in 2008 ná 70 jaar gestaak is. Voor sottepap moes die gr. 8's 'n sopie kry wat 'n mengsel was van asyn, mosterd, peper en kasterolie. Leerders het tot in hulle tone daarvoor gegril.



Nuwelingsfunksie

Gr. 8's en nuwelinge in ander grade dra sedert 1976 vir die eerste twee weke van die skooljaar hul vorige skool se drag asook informele drag. Hulle trek dan vir die 1ste keer trots die pampoenrok met 'n ruikertjie aan vir die plegtige Nuwelingsfunksie en word sodoende ware Oranjeniete.

- Dié funksie, ook bekend as die Pampoenrokkfunksie, vind op die Vrydag van die 2de skoolweek plaas. Sedert 2016 loop die leerders op die maat van die "Pampoenrokoverture" in wat deur die orkes gespeel word.

Pampoenrok

Oranje se kenmerkende somersdrag, 'n ougoudrok met hoë wit kragie en wit mouboordjie is enig in sy soort in Suid-Afrika. Dis bekend as die pampoenrok en het sy ontstaan in 1949 gehad. Die lengte van die rok het ná vyf jaar geskuif van sentimeters bo die enkel tot sentimeters bo die knie.



Pampoenrokswem

Die pampoenrokswem is die gr. 11's se afskeid van hulle geliefde pampoenrok, want in gr. 12 dra hulle matriekdrag. Dit gebeur op hul laaste skooldag in gr. 11. Dié tradisie het in 1968 begin.

Kousbegrafnis

Die kousbegrafnis (ook bekend as Sykousbegrafnis) het sy ontstaan in 1965 gekry toe matriekdrag ingestel is. Die gr. 11's neem dan afskeid van hulle swart winterskouse voor hul in gr. 12 saam met hul matriekdrag nuwe, dunner, sykouse dra. Hulle dra op dié dag ook interessante ontwerpe van ougoud en donker blou.

- Dit was destyds as die wollebegrafnis (wolkouse) bekend.



Leerders se verjaardag

Die gebruik dat 'n leerder opgetooi word wanneer sy verjaar, is al sedert die 1960's 'n vrolike instelling om elkeen met haar verjaardag spesiaal te laat voel. Aanvanklik was dit lekkers wat aan die rok vasgesteek is. Dis later met ballonne, krone en tutu's vervang.



Matriekvierkant

Dis die heiligdom van 'n matrikulant se pouse. Slegs hulle word hier toegelaat. Op dieselfde dag waarop die gr. 12's Oranje groet, wy die gr. 11's die matriektrap in en word die matriekvierkant in gebruik geneem.

Matrieklied

Sedert 2015 word die plankiekonsert afgesluit met 'n liedjie wat die matrieks spesiaal vir hulle plankies skryf en sing. Elke jaar se lied bevat die verse:

*Want 'n plankie word 'n huisie
en 'n huisie word 'n koninkryk
en 'n koninkryk kort 'n meisie
om prinses te wees*


*Want 'n plankie word 'n huisie
en 'n huisie word 'n koninkryk
en 'n koninkryk kort 'n meisie
die meisie is jy.*



Matriekdrag

Die gebruik dat gr. 12's hul eie matriekdrag mag kies, is in 1965 ingestel. Daar is jaarliks op somers- en wintersdrag en bypassende skoene besluit. Om koste te besnoei is die matriekdrag in 1990 gestandaardiseer soos dit vandag lyk.

Sommige verwys daarna as lugwaardin-uniforms – donkerblou romp, wit somersbloes met geborduurde sakwapen (skoolwapen en die OMS soos op die pampoenrok), langmoubloes vir die winter, blougrys broekiehouse en donkerblou leer hofskoene.



Die Voortrekkernooientjie voor Le Rouxhuis is die 1ste kinderbeeld wat in Suid-Afrika opgerig is (in 1940). Dis geskoei op ons leuse "Vooruit" – die meisie wat moedig voorwaarts stap en vasberade teen 'n sterk wind die toekoms tegemoet gaan.

Vir die gr. 12's hou dit 'n sentimentele plek in – hulle groet finaal hier op die skoolterrein op hul laaste skooldag. Hulle versier dan die beeld met blomme en linte as dankbetuiging.

Voortrekkernooientjie

Huisbestuurkursus

Tydens die praktiese huisbestuurkursus (1923-1957) moes leerders koeie op die terrein melk, botter en kaas maak, hoenders slag en die koeistal skoonmaak. Die hoenders het die koshuis van eiers voorsien. Elke dogter het ook haar eie tuintjie gehad om groente en blomme te kweek.

- Vir die vak Moederkunde is jaarliks minstens twee hawelose babas ingeneem sodat die leerders babaverpleging en -versorging prakties kon ervaar. Soms is die babas vir uitnaweke of vakansies saam met die dogters huis toe.



Seuns op Oranje

Oranje het tot in die laat 1970's seuns in sub A (gr. 1) en sub B (gr. 2) gehuisves. Daar was tot in die 2010's nog seuns in gr. R. Een van die bekendste seuns in Oranje was adv. Bram Fischer. Sy oupa, Abraham Fischer, was 'n stigterslid – die sporthuis Fischer dra sy van. Ook oudpres. MT Steyn se kleinseun, adv. Theunie Steyn, was in OMS.

Mans by Oranje

Mnr. J.J. Groenewald (1953-1979) was Oranje se 1ste mansonderwyser en dikwels die enigste. Hy was in 1964 tydelik die adjunkhoof. Oranje het tans sewe manspersoneel en is een van die meisieskole in die land met die meeste manere.

Baanbreker in drama

Oranje was die 1ste en vir lank die enigste skool in Suid-Afrika om Spraak en Drama (deesdae net bekend as Drama) as eksamenvak aan te bied. Dis deur die voormalige hoof, me. ML Spies begin. " 'n Meisie moet die kans kry om haarself met grasia en lof te bewys. Om op 'n verhoog te kan stap met selfversekerdheid. Spraak en drama gee dit vir meisies," het sy gesê.

Skildery

Die skildery "Kringe in 'n bos" hang sedert 2014 in die voorportaal van die ML Spiessaal. Dis deur René Snyman (oudleerder) geskilder. Sy wou 'n alledaagse prentjie van die skool skets en nie 'n geposeerde toneel uitbeeld nie. Dis geïnspireer deur die kringe (sirkel) van die lewe en die transformasie waardeur skoolkinders moet gaan om by die volgende lewensfase uit te kom.



Bybelvers

Oranje se nie-amptelike
Bybelvers is Psalm 16:6:

*"Die meetsnoere het vir my
in lieflike plekke geval, ja,
my erfenis is vir my mooi."*

Nuwelinge herhaal dié teksvers
tydens die Nuwelingsfunksie,
die matrieks sê dit op hul laaste
skooldag aan die einde van die
diens in die Klipkerk en tydens
dieselfde diens sing die koor 'n
verwerking van Psalm 16
("Neem my in U beskerming").



Monumentfunksie

Oranje besoek die Vrouemonument sedert 1913 jaarliks op die
1ste Vrydag van die 2de kwartaal met die skool se verjaardag.
Dis bekend as die Monumentfunksie.

Ruikers en blomme word op oudpres. MT Steyn, sy vrou
Rachel, en Emily Houbhouse (ondersteuner van die skool) se
grafte gelê om dank te betuig. Die verjaardaglied word sedert
1921 hier gesing/gespeel. Die matrieks het die voorreg om op
die sirkelmuur te sit.



Oranje-kreet

Slegs 'n Oranjeniet weet watter adrenalien deur jou are bruis
wanneer die hele skool die kreet uit volle bors skree:

6's, is julle gereed? = JA! (Graad 8's)

7's, is julle gereed = JA! (Graad 9's)

8's, is julle gereed? = JA! (Graad 10's)

9's, is julle gereed? = JA! (Graad 11's)

Matriek, seniors = Ooo JA! (Graad 12's)

Jabula Wa

Jabula Wa

Zama zama wie is ons?

Oranje is die span.

Gee pad, laat spat, Oranje gaan die beker vat.

Oranje! Oranje! Oranje!

For every good fellow could lift up their voice

Vivala OMS

and sing to the health of the school of her choice

Vivala OMS

Vivala Vivala Vivala O

Vivala Vivala Vivala M

Vivala Vivala Vivala S

Vivala Vivala OMS

ORANJE!!!

BRONNE

Eupeesboek -
"Oranje 75 jaar" boek
Argieflêers
Jaarblaai
FAK
Wikipedia

